



COVID-nuusflits

11 September 2020

nommer 12

COVID-verslag

Me. Wilna van Heerden was ongelukkig in hoë risiko kontak met 'n persoon wat positief vir COVID-19 getoets het en is volgens die skool se protokol in isolasie. Sy het vanoggend hiervan uitgevind en vra om verskoning dat sy nie die aankondiging van die VRL en Huisleiers kon doen nie.

Dit bly vir ons belangrik om die veiligheidsprotokol toe te pas om almal se veiligheid te verseker.

Ons skoolhoof en een leerder is dus as voorkomingsmaatreël in isolasie.

Op- en aflaai van leerders

Baie dankie aan die ouers wat getrou die op- en aflaaiprotokol gehoorsaam. Dit word egter onder alle ouers se aandag gebring dat leerders slegs soggens op die skoolterrein afgelaai mag word en NIE in die middag nie. Leerders wat vir sportoefeninge skool toe kom, moet asb. buite in Kochstraat op- en afgelaai word.

Toetsperiodes

Leerders word daaraan herinner dat daar vanaf eerskomende Maandag (14 September) op Maandae en Donderdae weer toetsperiodes ingeruim word. Roostertye word op daardie dae aangepas sodat al die akademiese periodes gevolg kan word voordat die skool om 13:25 verdaag. Leerders word steeds aangemoedig om afsprake vir die ekstraklasgeleenthede in periode 7 by hul opvoeders te maak.

- Gr. 8 en 9 bly in hul toegewysde lokale vir alle toetse.
- Gr. 10 en 11 se toetslokale sal egter wissel – leerders het dit via WhatsApp op hul klasgroepe ontvang, maar dit is ook op die d6 en die digitale kennisgewingbord beskikbaar.

Graad 9: Ruiling op toetsrooster

Graad 9's word op 'n belangrike kennisgewing gewys rakende die toetsperiode op 17 September: Die geskeduleerde Engels- en Afrikaanstoetse ruil om.

Graad 9's skryf gevolglik op Donderdag, 17 September (Dag 4) in die toetsperiode Engels (60 minute), en dan in periode 1 (ná die pouse) die Afrikaanstoets in die lokale waar hulle gewoonlik klas het.

Skooluniform

Vir 'n interimtyd tot 23 September kan leerders winter- of somerdrag dra, maar winter- en somerdrag mag onder geen omstandighede gemeng word nie. Op 28 September skakel ons amptelik oor na slegs somerdrag.

Sport: Terugvoer na die eerste week terug

Sportoefeninge kon nog nie amptelik begin nie, maar 'n "return to play" het hierdie week begin. Ten spyte van die skielike warm weer het 472 leerders hierdie oefeninge bygewoon – 'n uitstekende begin vir die nuwe seisoen wat voorlê.

Daar is steeds geen kompetisies, byeenkomste of wedstryde wat vir die res van 2020 sal plaasvind nie, maar beplanning vir 2021 se sportprogram het reeds begin. Ons hoop dat die program sonder onderbrekings in Januarie kan afskop.

4M 2021

Die datum vir volgende jaar se 4M is bekend: Dit vind op 23 Februarie 2021 in die Dal Josaphatstadion in die Paarl plaas en word deur die HMS Paarl aangebied. Bloemhof bied op 25 Februarie 2021 die 4M-swemgala aan.

Bloemhof Tutorprogram

Bloemhof se Tutorprogram – waar leerders mekaar in die Mediateek bystaan – se aansoekproses is nou op die webblad beskikbaar. Leerders wat akademiese hulp benodig, of bereid is om as tutor vir ander leerders op te tree, kan www.bloemhofschool.co.za/tutor besoek.

VRL- en Huiskapteine aangekondig

Veels geluk aan die nuwe VRL en Huiskapteine wat pas bekendgemaak is. Raadpleeg gerus die kennisgewing op die d6 en op die webblad se digitale kennisgewingbord om te sien wie ons leiers vir 2021 is.

Verenigings: Terra en Phoenix

- Terra samel steeds kos, speelgoed en ou komberse/handdoeke vir die AWSS (Animal Welfare Society Stellenbosch) in. Leerders kan skenkings in die houers buite die Mediateek plaas.
- Phoenix loods vanjaar weer 'n uitreikprojek waar Kerspakkies vir die Stellenbosch Nagskuiling opgemaak word. Sien asb. die kennisgewing op die d6 en die webblad se digitale kennisgewingbord vir meer inligting.